



ecsponuus

Kan die rand gered word?

Suid-Afrika sal buitelandse beleggings moet lok om te voorkom dat die skerp daling van die rand teenoor die dollar onverpoos voortgaan.

Sentiment jeens ontlukende lande is egter besig om te kwyn en die Suid-Afrikaanse sakevertrouesindeks van RMB/BER het in die tweede kwartaal van 2015 reeds van 49 tot 43 punte gedaal.

Beleggers stel belang in langtermyn groei, maar in Suid-Afrika raak so 'n vooruitsig al minder moontlik weens die laer kommoditeitspryse en die voortslepende elektrisiteitskrisis.

Verlede maand het dr. Janet Yellen, president van die Amerikaanse Federale Reserwebank, aangekondig dat Amerikaanse rentekoerse vir eers nie verhoog word nie. Dit het dadelik gelei tot die versterking van die rand teenoor die dollar. Die lopie was helaas kortstondig en nie volhoubaar nie.

Die rand en ander ontlukende lande se geldeenhede loop kwaai deur onder 'n sterk dollar wat al meer verstewig namate die groeivoorsigte van die Amerikaanse ekonomie verbeter.

Dit sal ons glad nie verbaas as die rand weer sy laagste vlak nog – die R13.84 van 31 Desember 2001 – toets nie. Volgens Rand Merchant Bank is daar geen opvallende weerstandsvlakke wat sal keer dat die rand weer so laag tuimel nie.

Terwyl 'n swakker rand Suid-Afrika se uitvoer meer mededingend maak en veral die vervaardigingssektor bevoordeel, sit ons met beurtkrag wat dit ernstig stuit.

'n Rentekoersverhoging sal help om die verswakking van die rand en inflasie teen te werk en die verskuiwing van kapitaal na "toevlugsoorde" te weerstaan.

Randverskansers soos Ecsponent, Richemont en Steinhoff wat 'n groeiende deel van hulle inkomste in die buiteland verdien, vind egter baat uit die randverswakking en kan verder voordeel trek omdat internasionale groeivoorsigte beter as in Suid-Afrika is.

Ecsponent is in verskeie lande in Suider-Afrika betrokke. Finansiering vir die beleggings kom vanuit die lande self, maar die wins word na die houermaatskappy in Suid-Afrika oorgeplaas. Die maatskappy se verdienste verstewig dus namate die rand verswak.

Beste,
Floris



Floris Slabbert - Verkoopsbestuurder

Aandele op dun ys

Ná agt jaar van glorie op die aandele mark is daar nou onrusbarende tekens dat die JSE op die randjie van 'n afgrond staan en wankel met 'n honger beer wat wag.

Is ons op die vooraand van 'n gesonde regstelling of is 'n beermark ons voorland? 'n Beermark ontstaan wanneer die beurs met 20% val. Verlede maand het dit klaar met oor die 6% gedaal, maar dit kom nog nie by 'n beerfase waar die beurs met selfs 5% per dag kan val nie!

Of dit ons voorland is, sal bepaal word deur die wending van rentekoerse in Amerika en in Suid-Afrika. Hoër koerse het

'n negatiewe impak op aandeelpryse. Dit verhoog die koste van kapitaal van genoteerde maatskappye wat 'n regstreekse invloed op hul winste en waardasies het.

Ongelukkig lyk dit of Suid-Afrika voor die einde van die jaar deur minstens twee rentekoersverhogings getref gaan word... vanuit Amerika en hier plaaslik met wye implikasies.

Die Federale Reserwebank (Fed) van Amerika se besluit verlede maand om rentekoerse op nul te hou, is wyd verwelkom. Dit beteken die Fed se koerse staan reeds die afgelope agt jaar op nul. Ekonomie is dit egter eens die Fed gaan rentekoerse

in September vanjaar verhoog en nogmaals in Desember! Die vraag is net met hoeveel?

Wanneer dit gebeur, sal kapitaal vanaf ontlukende lande soos Suid-Afrika na die VSA geskuif word – omdat bates daar dan aantrekliker vir ons beleggers word. Met groot bedrae wat so ons land verlaat, kan ons beurs seerkry.

Om dit te probeer voorkom, sal Suid-Afrika sy rentekoerse ook opstoot in 'n poging om beleggings hier te hou. Regstreekse buitelandse beleggings is trouens krities noodsaaklik vir ons, veral as jy in ag neem dat ons deesdae nie eers meer op die FDI Confidence Index van 25 gesogte lande vir beleggings verskyn nie. Dit nadat Suid-Afrika die vorige drie jaar onderskeidelik 11e, 15e en 13e op die lys was!

As Eskom toegelaat word om die prys van elektrisiteit met 25,3% op te stoot, gaan inflasie die hoogte inskiet en ons ekonomie en die beurs gaan 'n insinking toon. Die inflasiekoers (verbruikersprysindeks) het in Mei tot 4.6% verhoog en kan bo die 3 tot 6% teikenband van die Reserwebank beweeg as die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) die versoek van Eskom goedkeur. Die verhoging wat hulle vra, kan volgens ontleders van Deutsche Bank tussen R10 miljard en R16 miljard van die ekonomie wegsny en die BBP-groei met tussen 0,2 en 0,4 persentasiepunte verlaag.

Voeg daarby die verlamme uitwerking van beurtkrag. Navorsing deur die Wes-Kaapse Departement van Landbou toon beurtkrag kan landbouproduksie met 1,54% laat afneem, die uitvoer van landbouprodukte met 3,12% laat daal en tot die verlies van 129 000 werksgeleenthede in Suid-Afrika lei.

Nog 'n bron van kommer is die toenemende verswakking van die rand teenoor ander geldeenhede. Dit ontwig die ekonomie en verhoog inflasie (prysstygings). Die aangewese teenfoeter is om rentekoerse te verhoog – 'n bouse kringloop!

Na verwagting sal ons eerste rentekoersverhoging reeds vandeemaand deur die Reserwebank aangekondig word. Dit kan .25% wees, gevolg deur soortgelyke verhogings in komende September, Maart en Mei – dus 'n volle persentasiepunt binne die volgende jaar. Dit sal beteken die repokoers (koers waarteen banke geld van die Reserwebank leen) styg tot 6,75% en die primakoers (koers waarteen banke geld aan kliënte leen) tot 10,25%.

Boonop maan ontleders al geruime tyd dat aandeelpryse in Suid-Afrika oorwaardeer (baie duur) is en 'n regstelling moet

plaasvind. Oorwaarding vind plaas wanneer aandeelpryse vinniger styg as die maatskappye se opbrengste/dividende.

Die skrif is aan die muur met die JSE se indeks van alle aandele wat verlede maand binne twee weke vanaf 55 000 punte tot net oor die 51 000 punte gedaal het. Twaalf uit dertien handelsdae is in die rooi gesluit – iets wat 20 jaar gelede plaasgevind het, nog lank voor ons deur die rentekoersgolwe getref is!

So waarheen moet 'n belegger hom in die onsekere tye draai? Die veilige opsie is om nuwe geld in kontantbeleggings (geldmarkfondse en vaste deposito's) te belê of in voorkeuraandele wat beskerming bied teen die wispelturigheid van die aandelemark.

Voorkeuraandele kan volgens Petri Redelinghuys, senior handelaar by Inkunzi Investments, (SakeBurger 26 Mei 2015) beskerming bied teen 'n aandelemark wat deur hoër rentekoerse afgedruk word.

Voorkeuraandele betaal vaste dividende wat dikwels aan die prima rentekoers gekoppel is – teenoor gewone aandele, waar die dividend kan wissel na gelang van die maatskappye se verdienste.



Is 'n beermark ons voorland?

As rentekoerse styg, sal die dividendbetalings van voorkeuraandele dus ook styg.

In Ecspont se geval bied Klasse A en B se voorkeuraandele vaste dividendkoerse, ongeag wat in die aandelemark gebeur. Klas C is aan die primakoers gekoppel en sy dividende, wat maandeliks aan beleggers betaal word, sal dus verhoog as die primakoers verhoog.

Die afgelope vyf jaar het algemene aandelefondse op die JSE 'n gemiddelde opbrengs van 14,2% getoon. As ons 'n beermark betree, kan die prentjie dramaties verswak en dit is juis nou die regte tyd om te kyk na voorkeuraandele met vasgestelde opbrengste/prima-gekoppelde opbrengste.

Klas B van Ecspont verdien 'n saamgestelde koers van 11,2% per jaar, sonder dat die aandelemark of rentekoersverandering enige effek op die belegging het. As jy vir vyf jaar belê, is die netto koers 14% per jaar – sonder dat enige koste verhaal word.

Die goeie nuus is dat Ecspont op die wenpad bly. In effek kry Ecspont die gemiddelde koers wat die algemene aandelefondse die afgelope vyf jaar op die JSE-bulbeurs gemaak het, sonder die risiko's wat die beurs tans inhou. 